VILLA BULLETIN 3

Nuusbulletin van/News bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village *Nr 3 Sept 2018*

Quality of drinking water

The quality of a sample of tap water was tested by Waterlab, a SANAS accredited testing laboratory.

They reported that "all physical and aesthetic water of the sample (34552) comply with the requirements of the SA National Standards (SA Bureau of Standards)." It is therefore completely safe to drink Bougainvilla's tap water.

Cleansing levy

The application to be (partly) exempted from the controversial cleansing levy payable by all owners to the Tshwane Metro, is still under consideration. The Metro requested more information but it will take time to get a clear answer from them. The result will be communicated to owners.

Kort nuus oor alles en nog wat

Besoekers kan twee weke kuier waarna verdere toestemming verkry kan word.

Sonverhittingsgeisers moet by die stelsel se paneelbord verstel word en nie by die distribusiebord afgeskakel word nie.

Daar word tans toetse gedoen met die aanbring van straatligte om die donker kolle uit te skakel.

Onderhoud en instandhouding van die oord is belangrik en daarom is daar 'n kort-, medium- en langtermynplanne om hierdie aspek na behore te hanteer.

Daar is tweemaandeliks 'n byeenkoms van nuwe intrekkers waar 'n oorsig oor die oord gegee word asook die belangrikste sake wat in die Leefstylgids verwoord is.

Die bestaande Akte van Oprigting (MOI) bly in werking terwyl daar besin word oor die pad vorentoe oor die voorgestelde nuwe MOI.

Woon die gereelde Woensdagmiddag gesprekke om 15:00 in Tussensorg se sitkamer by en kry inligting en antwoorde op alle vrae en slaan so gerugte die nek in!

Kort nuus

Dank is by die AJV betuig aan Chris Jordan wat sedert die totstandkoming van die oord vyf jaar gelede ten nouste betrokke was by finansiële aangeleenthede, eers as komiteelid en later as direkteur.

Jan Buter het by die AJV uitgetree as direkteur van die Portefeulje Infrastruktuur maar bly betrokke as komiteelid.

Die versekering van eiendomme is aangepas om voorsiening te maak dat dit tred hou met vervangingswaarde. Dit is nie verseker teen markwaarde nie.

Solar geisers is die verantwoordelikheid van die eienaar en die versekering is onderhewig aan 'n jaarlikse diens en 'n sertifikaat in die verband. Die waarborg is onderhewig aan voorwaardes en geld net vir sekere komponente.

Kyk agterop bladsy asseblief

Portfolios

Chairperson and Contracts: Gerrie van Vuuren.
Vice Chair and Kitchen; Frail Care; Welfare; Social; Library: Colleen McGillivray
Security; Health; Safety: Ellek Wiese
Marketing: Chris Holl
Finance: Johan Coetzee
Infrastructure and technology: Klasie Basson
Committee: Jan Buter

Nuusbrokkies

Direkteure sal ‘n induksieprogram ondergaan. Deeglike kennis van die Akte van Oprigting (MOI) en die Maatskappy- en ander Wette ingevolge waarvan die oord geadministreer word, is noodsaaklik. Strategiese beplanning word ook gedoen.

Die probleem wat met die hysbakke ondervind word is opgelos en gereelde instandhouding word gedoen.

Die werk wat aan die woonwa-afdakke gedoen word om dit netjieser te laat vertoon, word deur die huurders van dié afdakke gefinansier.

Herstelwerk aan die woonstelle se dakke, die skoonmaak van ruite en die probleme wat duiwe veroorsaak, sal aandag geniet sodra die sogenaamde ‘life lines” aangebring is wat kontrakteurs in staat sal stel om hulle werk in ooreenstemming met veiligheidsregulasies te doen.

Daar is ‘n skenking ontvang om by te dra tot die oprigting van tenks by die kombuis en sorg-sentrum areas vir die opgaar van noodwater voorraad. Dit sal buite die algemene sig wees.

Die TV-skerms waarop deurlopende inligting geflits word, is aan die oord geskenk. Die programmering en laai van inligting word deur direkteur Klasie Basson behartig wat die projek van die grond af gekry het.

Die ligging van putte en stopkrane is met behulp van die ontwikkelaar bepaal en gemerk.

Daar is ‘n Noodplan, ook genoem ‘n gebeurlikheidsplan, in werking maar dit word tans verfyn. Willie Dreyer en Flip Theron is onder andere betrokke en enige inwoner is welkom om by hulle aan te sluit.

Die oord sal binne afsienbare tyd oor ‘n eie webblad beskik waar alle inligting wat eienaars en inwoners nodig het, verkry sal kan word.

In gevalle waar verbandlenings op privaat eiendomme betaal en afgelos is, moet die bestuurder daarvan ingelig word sodat die nodige aanpassings vir versekeringsdoeleindes gedoen kan word.

Strukture wat deur eienaars by wooneenhede aangebring/verander is na oordrag vanaf die ontwikkelaar, moet goedgekeurde planne by die plaaslike owerheid hê.

Daar word ondersoek ingestel na die aanlê van vesel verbindingskabels na ‘n sentrale punt om internetontvangs te verbeter.

Die herstel van die oostelike grensmuur geniet aandag. Die muur aan die suidekant word herbou.

Geen grys water mag in stormwaterdreine gegooi word nie, maar moet in toilette weggespoel word.

Die instandhouding van wooneenhede aan die binnekant asook motorafdakke by die huise, is die verantwoordelikheid van die eienaars. Verdere besonderhede is in die Leefstylgids vervat.

‘n Span gaan tans deur die oord om bepaalde herstelwerk aan plaveisel te doen.

Indien ouer mense dit moeilik vind om gloeilampe in wooneenhede te vervang, kan hulp by die kantoor gevra word. Die gloeilampe moet egter deur die inwoners aangekoop word.

‘n Paar tweesitplekbanke is aangekoop en op strategiese plekke geplaas vir die gerief van die inwoners.

Die Tuinkomitee is besig om ongewenster plante en bome te identifiseer wat in belang van die oord verwyder sal moet word.

Vyfjaar feesprogram

Donderdag 6 September 08:00 Ontbyt @ R35

Vrydagaand 17:00 Konsert in saal @ R10

Saterdag: Pretloop 09:00. Koop kaartjies @ R5 vooraf by kantoor en wen R1000 of een van baie ander pryse by trekking om 11:00

Markdag en uitstallings. Gratis *cupcakes*

Sondag 10:00 Erediens in saal